

17

MY PLEK IN DIE LIGGAAM VAN DIE HERE

Wie is ek? Selfwaarde

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders en ouers moet besef dat ons net belangrik is as ons afhanklik van Jesus lewe.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

- Die kinders moet weet hulle waarde word bepaal deur Christus se opinie van hulle.

Gesindheid

- Die kinders moet dankbaar wees vir die waarde wat God aan hulle gee.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- feite kan noem waarom God aan hulle waarde gee.
- prakties hulle dankbaarheid kan gaan uitleef.

MEER INLIGTING (Matteus 18: 1-5)

Mense wil graag belangrik wees. Dit lyk vir ons asof dit lekker is om belangrik te wees. Alles lyk dan makliker en dit wil voorkom of dit dan altyd met 'n mens goed gaan. Dit is nie al wat 'n mens daarvoor kan sê nie.

Die dissipels het eenmaal vir Jesus gevra wie die belangrikste is in die koninkryk van die hemel. Vir mense maak dit nogal saak wie belangrik is en wie nie. Jesus antwoord hulle vraag heel anders as wat hulle seker verwag het. Hy het 'n kindjie geroep en gesê dat mense soos kindertjies behoort te wees. Wie homself gering ag soos so 'n kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel, het Jesus hulle geantwoord.

Hiermee bedoel Jesus dat kinders uit hulle eie nie te veel van hulleself dink nie en daarom maklik in Hom glo. Kinders weet dat hulle nie vir hulleself kan sorg nie en dat hulle van hulle ouers afhanklik is vir kos en klere en blyplek. Kinders weet dat hulle nie sterk is nie en beskerm moet word in sekere situasies. Aangesien dit alles so is, is kinders gewoon daaraan om hulle vertrou

te vestig op iemand wat groter en sterker as hulle is, mense soos hulle ouers. Kinders verstaan wat dit beteken om afhanklik van iemand te wees en hulle het nie 'n probleem daarmee nie.

Grootmense is baie keer nie so nie. Hulle dink oor alles wat hulle al reggekry het en sien dit as hulle eie prestasies en die resultate van hulle eie werk. Hulle beskou hulleself dan as belangrik en sien moeilik in dat hulle ook afhanklik kan wees. Gevolglik is grootmense baie keer net met hulle eie posisies en mag, hulle eie belangrikheid en prestasies besig. Hulle vind hulle eiewaarde dikwels in wat hulle reggekry het.

Jesus se boodskap is anders. 'n Mens se waarde lê nie in hoe belangrik jy is nie, maar in jou verhouding met God. In jou verhouding met God gaan dit nie oor wat ons regkry nie. Dit gaan daaroor dat ons aanvaar dat ons afhanklik van God is. Ons is dankbaar daarvoor. Dit is eintlik wat Jesus vir ons leer as Hy sê dat ons soos 'n kindjie moet word. Eers wanneer ons dankbaar aanvaar dat ons in ons eie krag niks bereik nie, dat ons vasgehou, versorg en beskerm moet word – soos 'n kindjie afhanklik van sy ma – dan is ons gesindheid reg. Ons moet soos kinders besef dat ons afhanklik is – in hierdie geval van God – voordat ons werklik getroos en met hoop kan leef.

Ons waarde en belangrikheid hang nie af van hoeveel ons regkry nie, maar van wat God oor ons sê en wat Hy van ons maak. Ons waarde en waardigheid word bepaal deur die wonderlike werklikheid dat God ons liefhet en ons versorg. Ons aanvaar dit met dank en ons bekommer ons nie oor hoe belangrik ons wil wees nie. Ons waarde lê daarin dat ons vir Christus belangrik is.

Ons is vir Hom so belangrik dat Hy vir ons aan die kruis gesterf het sodat ons 'n plek in sy koninkryk kan hê.

Ons behoort dus ook só te lewe dat mense kan sien dat ons vir God waarde het. Ons moet selfrespek hê, dit beteken dat ons onself moet oppas. Ons praat ordentlik met ander, veral met ouer mense, vloek nie, vertel nie lelike grappe nie. Ons beoefen sport, eet gesond, leer hard en reg, doen ons bes om gemanierd en ordentlik te wees. Ons moet sorg dat ons skoon en versorg is en skoon klere aantrek. Omdat God my waardig ag en met alles wat goed is versorg, bewys ons nederig, liefdevol en met toewyding ons dankbaarheid. So trek ons ook ander mense nader na God toe. Ons wys daarmee vir die wêreld dat ons weet wat ons waarde is. Ons is net iets omdat God dit van ons gemaak het. Hy bewys deur Jesus Christus dat Hy ons liefhet en dat ons sy kinders is. Dit maak 'n mens belangrik.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Open met die volgende gebed.

Ons Vader in die hemel, bewaar ons asseblief dat ons nie by mense belangrik sal wil wees nie.

Dankie dat ons nie belangrik in mense se oë hoef te wees nie, maar in u oë.

Ons voel getroos omdat U soveel van ons gedink het dat U selfs u Seun in ons plek laat sterf het. Amen.

HET HULLE ONTHOU?

- Stel vas of daar enige besoekers in die klas is. (Elkeen moes 'n kerklose maat van die skool uitnooi om die erediens en katkisasie by te woon.) Heet hulle welkom. Dalk kan aan elkeen 'n boekmerkie met 'n teksvers van Matteus 28: 19 of Johannes 3: 16 of Romeine 10: 9 daarop gegee word; of 'n Bybel vir dié wat nie Bybels het nie. Nooi hulle uit om weer te kom.
- Kontroleer of hulle die volgende kan onthou:
 - In die Ou Testament het die mense hulle *tiendes* in die vorm van die *eerste* van hulle oeste en vee gegee.
 - Met die tiendes wat hulle gegee het, sê hulle *dankie* vir alles wat God vir hulle gee.
 - So betoon hulle ook hulle *dankbaarheid* teenoor God.
 - In die Nuwe Testament het Jesus *self* mense *gehelp* wat in *nood* verkeer.
 - In Markus lees ons van die *weduwee* wat *alles* wat sy gehad het in die *offergawekis* gegooi het.
 - Ons moet ook ons *tiendes* gee sodat ons mense kan *help* wat in *nood* verkeer.
 - Die eerste gemeentes het hulle *besittings* verdeel sodat almal *genoeg* gehad het.
 - Barmhartigheid word bewys wanneer jy jou *dankoffers* gee om ander te help.
- Kontroleer of hulle kan onthou op watter maniere jy jou dankoffer vir die Kerk kan gee.
 - Die Kerk samel dankoffers in deur –
 - die diaken wat mense besoek.
 - party mense wat met hulle bank reël om geld per aftrekorder of debietorder vir die Kerk oor te betaal.
 - elektroniese oorbetalings.
 - deurkollekte.
 - met Nagmaal 'n dankoffer onder die Nagmaaldoek op die tafel neer te sit.
- Kontroleer of hulle kan onthou waarvoor dankoffers gebruik word:
 - Die versorging van die dominee en ander mense wat dienste lewer in die Kerk.
 - Bybelverspreiding.
 - Mense wat versorging nodig het.
 - Bejaardes in ouetehuse.
 - Weeshuse.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Het julle ook al gevoel dat ander mense baie belangrik is? Soms begeer 'n mens om soos daardie belangrike mense te wees. Wie van julle het al so gevoel? (Gesprek.)

My ouers het vir my geleer dat sulke mense nie regtig belangrik is nie. God het ons almal gemaak en ons is almal gelyk voor Hom. Dis wonderlik om te weet dat God dink jy is spesiaal en goed geskape net soos jy is. Partykeer is daardie belangrike mense opgesaam met groot probleme wat ons glad nie van weet nie. Dit lyk altyd of dit met sulke mense goed gaan en ons beny hulle vir hulle gemaklike lewe.

IETS INTERESSANT

Mense wil graag belangrik wees. Toe sy dissipels Hom daarvoor uitvra, antwoord Jesus dat mense soos kindertjies behoort te wees. Wie homself gering ag soos so 'n kindjie, hy is die

belangrikste in die koninkryk van die hemel, het Jesus hulle geantwoord. Bestudeer die besonderhede by MEER INLIGTING. Lê klem op onderstaande feite oor wat Jesus bedoel as Hy sê dat ons soos kindertjies moet word:

Jesus bedoel nie dat –

- kinders minderwaardig is nie;
- kinders dom is nie;
- grootmense met kinders kan maak wat hulle wil nie; of
- kinders maar net toevallig kinders is en dat hulle eers moet grootword voor hulle belangrik is nie.

Maar Hy bedoel dat kinders –

- maklik glo in Jesus.
- weet dat hulle nie vir hulleself kan sorg nie.
- weet dat hulle nie sterk is nie en beskerm moet word.
- gewoon is daaraan om hulle vertrou te vestig op iemand wat groter en sterker as hulle is.
- verstaan wat dit beteken om afhanklik van iemand te wees.

Hiermee wil Jesus ons leer:

- 'n Mens se waarde lê nie in hoe belangrik jy is nie, maar in jou verhouding met God.
- In ons verhouding met God gaan dit nie oor wat ons regkry nie. Dit gaan daaroor dat ons afhanklik en dankbaar aanvaar dat God in genade sy redding en liefde aan mense gee.
- Ons moet soos kinders beseef dat ons afhanklik is – in hierdie geval van God – voordat ons werklik getroos en met hoop kan leef.

IETS BELANGRIK

Lees Matteus 18: 1-5.

Beklemtoon:

- Wees dankbaar teenoor God vir alles.
- Wees nederig, eerlik, toegewyd, liefdevol.
- Ons moet selfrespek hê.
- Ons moet ons liggaam mooi oppas deur netjies en skoon te wees.
- Ons moet gesond eet en gereeld oefen.
- Ons moet mooi praat en eerlik wees.
- Ons moenie vloek, skinder of vulgêre praatjies maak nie.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle vyf stellings neerskryf oor hoe 'n Christen moet lewe as sy verhouding met die Here reg is. (Enige van onderstaande en moontlik ander is reg.)

- Wees dankbaar teenoor God vir alles.
- Wees nederig, eerlik, toegewyd, liefdevol.
- Ons moet selfrespek hê.

- Ons moet ons liggaam mooi oppas deur netjies en skoon te wees.
- Ons moet gesond eet en gereeld oefen.
- Ons moet mooi praat en eerlik wees.
- Ons moenie vloek, skinder of vulgêre praatjies maak nie.

BY DIE HUIS

Laat die kinders die volgende tuis doen en leer.

DOEN

Laat die kinders by die huis die vyf punte wat hulle hierbo geskryf het, met hulle ouers gaan bespreek. Laat hulle as gesin saam besluit op watter punte hulle kan verbeter. Laat hulle neerskryf wat hulle besluit het en dit volgende week kom vertel.

LEER

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Jesus sê dat jy jousef gering moet ag soos 'n kindjie, as jy belangrik by Hom wil wees.
- Jou afhanklikheid en verhouding met God is vir Hom belangrik.
- Ons leef soos volg as ons verhouding met Hom reg is:
 - Ons moet selfrespek hê.
 - Ons moet ons liggaam mooi oppas deur netjies en skoon te wees.
 - Ons moet gesond eet en gereeld oefen.
 - Ons moet mooi praat en eerlik wees.
 - Ons moenie vloek, skinder of vulgêre praatjies maak nie.
 - Ons moet nederig, eerlik, toegewyd en liefdevol wees, en dankbaar teenoor God vir alles.

AFSLUITING

Sluit met Gesang 538: 1 en 2 as gebed af.

*Heer Jesus, U was self 'n kind;
U laat U ook deur kinders vind.
O laat ons nooit u Naam vergeet –
óns wat deur U Gods kinders heet.*

*O Here, maak ons harte rein,
beskerm, bewaar ons – ons is klein.
Maak ons in liefde sterk en groot,
maak ons getrou tot in die dood. Amen.*